Heilig of veilig?-

Kan ek altyd op die “veilige plek” bly?

Ds Natalia Strydom

Sondag 27 September

Book of Common Prayer

Genadige God,
ons bely dat ons
teen U in gedagte,
woord en daad
gesondig het.

Ons het gesondig
deur wat ons gedoen het
en ook deur dit
wat ons nagelaat het
om te doen.

Ons het U nie
met ons hele hart
liefgehad nie.

Ons het nie ons naaste
soos onsself
liefgehad nie.

Ons is regtig jammer
en bely dit nederig voor U.

In die Naam van u Seun
Jesus Christus,
wees ons genadig
en vergewe ons,
sodat ons
u teenwoordigheid
kan geniet.

Wys ons hoe om só
te lewe
dat ons U Naam verheerlik.
Amen.

2 Tim 4: 6-8; 16-18

“Wat my betref,
ek word alreeds
as drankoffer uitgegiet.

Die tyd van my dood is voor die deur.

Ek het die
goeie wedloop afgelê;
ek het die wenstreep bereik;
ek het gelowig end-uit
volgehou.

Nou wag
die oorwinnaarskroon vir my,
die lewe by God.
Op die dag dat Hy weer kom,
sal die Here,
die regverdige Regter,
dit vir my gee,
en nie net vir my nie,
maar ook vir almal
wat met verlange uitsien
na sy koms.

16. Toe ek my die eerste keer
voor die hof moes verdedig,
het niemand my bygestaan nie;
almal het my
in die steek gelaat.

Mag God hulle
dit nie toereken nie!
Maar die Here het my
bygestaan en my krag gegee,
sodat deur my die prediking
tot sy volle reg kon kom
en al die heidennasies
dit kon hoor.

En ek is uit die bek
van die leeu gered.
Die Here sal my red
van elke onheil
en my behoue
in sy hemelse koninkyk bring.
Aan Hom kom die eer toe tot in
alle ewigheid”.

Hoekom verlaat ek
hierdie plek?

Heilige lewe:

"Ek het die goeie stryd gestry":

"Ek het enduit bly glo“

“Om heilig te wees is
om nie met
vasgeklemde
toe hande te leef
wat alles
probeer gryp en
beheer en vashou,
maar om te leef
met oop hande”

Heiligheid
is om die rol van
weerstand
en mislukking en
teleurstelling te
verwelkom.

Om jou veiligheid op te
gee ter wille van God…
en die uitleef van die
evangelie.

“Vyf maal het ek (Paulus)

van die Jode die gebruiklike straf

van nege en dertig houe gekry,

25 drie maal het ek lyfstraf gekry,

en een maal is ek met klippe gegooi.

Drie maal het ek skipbreuk gely

en een maal het ek

'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring.

26 Ek was dikwels op reis en in gevaar..."

2 Kor 11:24-26

Die Heilige lewe is….

“om te lewe is vir
my Christus,
en om te sterwe
is vir my `n wins”

Die moeite werd om jou
veilige lewe
prys te gee, nie waar nie?

God roep ons tot 'n heilige lewe.
En nie ‘n veilige lewe nie.

Kom ons
bid saam.

In U hande is ek veilig
word ek heilig
Lig U my hoog
Sodat ek kan sien en ek prys
die werke van U hande.
- Skywer Minnie